

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
15 Augustus 1976

Onderwerp: Gereed vir die reis

Lees: Eségiël 12 verse 1 tot 20

Teks: Eségiël 12 vers 3

Sing: Psalm 91 vers 1
Gesang 5 vers 7

“Broers en Susters, God het deur Eségiël op kragdadige wyse tot sy volk gespreek. Dit was woorde wat die lewe en die dood aan hulle voorgehou het. Maar die oudstes wat voor Eségiël gesit het, die jongmanne en kinders was vir al die visioene siende blind en vir al die preke horende doof. Hulle het geweier om die Woord van God in Eségiël se prediking te hoor.

“Hierdie toestand het sy beslag gekry omdat hierdie mense in die waan gelewe het dat die band wat God rondom Jerusalem gebind het, onverbreekbaar was. Daarom het hulle geweier om waarde te heg aan Eségiël se woorde van waarskuwing wat hy van God ontvang het. Eintlik was Eségiël vir hulle niks anders as ’n lastige spelbreker nie. Wat hulle betref, was sy woorde uit die lug gegryp. Daarom het die Here vir Eségiël gesê: ‘Mensekind, jy woon onder *mense van* die wederstrewige huis, wat oë het om te sien, maar nie sien nie; ore het om te hoor, maar nie hoor nie, want hulle is ’n wederstrewige huis. (Eség 12:2)

“Om hierdie rede het God hulle toe langs ’n ander weg gedwing om te sien en te hoor. En die Here het dit gedoen deur die sinnebeeld van die reisvaardige profeet.

“Broers en Susters, ons is gewoond om te sê: Wie nie wil hoor nie, moet voel. Maar onse goeie Vader sê: Wie nie wil hoor nie, moet nog eers sien voordat Hy hom sal laat voel. Daarom het God hom nogeens tot die dowe hoorders gewend deur middel van aanskoulike onderwys. Die profeet moes voor die oë van die volk ’n sinnebeeld uitvoer. Hy moes inpak vir ’n reis. Hy moes, soos iemand in ballingskap, net die allernodigste goedjies inpak: ’n staf, sandale, mantel, gordel, geldbeurs en watersak. En dit moes op ’n opspraakwekkende wyse gedoen word.

“Eségiël moes sy sakke in die begin van die dag pak en dit buite sy huis ten aanskoue van almal neersit. Die gerug moes versprei dat die profeet besig was om in te pak en weg te gaan. Die menigte het toegestroom om alles te aanskou. En nog wonderliker, hulle moes aanskou op watter wyse die profeet sy huis sou verlaat: nie deur die deur nie, maar deur ’n opening wat haastig deur die muur gebreek was.

“Die volk het toe op pakkende wyse kennis geneem van God se oordele en dat hulle gewis en seker was. Hulle het sprakeloos aanskou wat voor hulle oë gebeur het.

“Eségiël het toe daar gestaan met sy pak, soos ’n balling wat gereed was om sy land te verlaat. Hy was gereed vir die reis, maar waarheen was die balling en pelgrim op pad? Eségiël het self nie geweet nie. Hy het gestaan en wag. Hy het nie geweet wanneer hy moes vertrek nie. Hy het slegs klaar gemaak op God se bevel. Hy het slegs ag gegee op God se Woord, wat vir hom ja en amen was.

“En weet u hoekom God só met hierdie mense gepraat het? Hulle het nie meer die somtotaal van hulle ellende geken nie. Hulle was doof vir God se Woord. God se Woord het vir hulle niksseggend geword. As hulle tog maar wou gevra het: Hoe groot is my sonde en ellende? Wat is die straf?

“Gemeente as die goeie God met ellendiges te doen het, met arme stomme siele wat hulle nood ken, dan is daar ’n heerlike begin deur God se genade. Dan kom dit tot verlossing en dankbaarheid.

“Maar ’n stomp en bot siel kom hoogstens sover as nuuskierigheid. En as die regverdige God met bot en stomp siele besig is, dan kan dit nie anders as dat God se oordele hulle moet tref nie.

“Broers en Susters, so gaan dit ook in ons tyd. Het ons nie ook stomp en bot geword teenoor God se Woord nie? Preek maar teen die ontheiliging van die Sabbat en laksheid om die kerk te besoek. Dan keer ons die rug en gaan ewe bot en stomp voort op die weg van sonde. Dit is ons gemak en plesier wat tel. En so gaan die lewe vrolik voort.

“Preek teen lotery. Dan is daar vele wat bot en stomp daarna luister. Dit is mos nie ’n oortreding nie.

“Nee, die kerk is mos die Here se kerk; en die godsdienst is goed en wettig solank jy dit net op sy plek hou. Solank die kerk en die godsdienst nie in die alledaagse lewe kom inmeng nie.

“Maar, Broers en Susters, wanneer die siel só stomp en bot geword het, dan sal God maak dat jy móét sien. Dan kom die bevel: Maak jou klaar vir die reis. Maak jou klaar vir uitbanning uit God se verbond en uit sy Koninkryk; en vir uitbanning tot die ewige verderf.

“Wat was die verklaring van Eségiël se handeling? Die volk kon die poorte van Jerusalem nog altyd juigend betree het. Maar toe het Eségiël se handeling Jerusalem ’n ongeluksoord gemaak, waar geen Israeliet se voet langer kon staan nie. Hy het aan hulle verkondig dat hulle voete treurend sou uitgaan, nie deur die poorte nie, maar sluipend die nag in deur bresse in die muur.

“Dit was Sedekia, die koning van Juda, wat hier in kleinlikheid geteken was. Hy het in die geheim in die nag gehaas om hulp te soek en het uit Jerusalem ontsnap deur ’n poort tussen twee mure. Maar hy het hom vasgeloop in ’n net wat die HERE voor hom uitgesprei het. Nebukadrésar, die koning van Babel, het sy seuns voor hom doodgemaak en daarna sy oë uitgesteek en hom na Babel gebring waar hy ’n skandelike dood gesterf het.

“Broers en Susters, wat sê hierdie Woord vir ons? Net dit: As God vir ons kom sê, wees gereed vir die reis, dan kan ons ons maar daarvoor klaarmaak. Daardie reis sal jy móét reis.

“Wees gereed vir die reis. Waarheen?

“Vir die wat nie wil luister nie, is dit ’n reis na die ewige ballingskap, na die buitenste duisternis waar daar geweene en gekners van tande sal wees.

“Wees gereed vir die reis. Dit word voortdurend vir sondaars gepreek. En as hulle weier om te hoor en daarop ag te slaan, sal die dag kom dat hulle, begelei deur die dodemars, hul huis sal verlaat en die nag van die dood tegemoet sal gaan. Daar is elke dag mense wat sonder Jesus op reis gaan na die ewige verderf. Dan is die dood ’n betaling vir die sonde.

“Stomp en bot siel, as jy hier waar die wet en profesië van God verkondig word, tog maar net wil hoor. As jy maar net jou lamp wil vul en klaarmaak vir die reis.

“Wees gereed vir die reis. Die waarheid is dat ons elkeen teen wil en dank, bewus of onbewus, sal moet inpak vir die reis.

“Die sondaar wat sy ellende ken, wat sug en steun onder die las daarvan, pak in soos ’n uitgenooide gas na die maaltyd van die bruilof van die Lam. Sy siel wil sien en sy oor wil luister na die wet en die profete. Hy pak

sy geestelike koffers met genade goedere, met God se verbondsbeloftes. Hy leef nie onder 'n illusie nie, maar hy verwag die heerlike dinge wat aan hom toegesê is. Hy vergader nie wat mot en roes verniel nie. Hy aas nie op die verganklike dinge nie. God se hele Woord is vir hom dierbaar.

“Wees gereed vir die reis. Waarheen wil u reis? Weg van die verbond van God? Weg van die Kerk van die HERE? Of reis u na die poorte van die nuwe Jerusalem om daar bo in te gaan? Dan moet ons ons ellende voor God ken. Dan moet daar geen siele bot en stomp wees nie. Dan moet ons die Woord van God bewaar. Dan moet ons Sedekia se streke laat vaar en ons Verlosser soek.

“Wees gewaarsku. Jy gáán reis. Dit gaan vir die sondaar wees tot die verderf; en vir die kind van God tot die Ewige lewe.

“Wees gereed vir die reis.

“Amen.”